"[T]og het iets gebeur […] iets wat die jare en die afstand en die aarselende, ontoereikende woorde oorlewe het". Die gebeurtenis en die getuie in Karel Schoeman se *Die uur van die engel*

Willie Burger

"And yet something happened [...] something that survived the years and the distance and the tentative, inadequate words". Event and Witness in Karel Schoeman's* Die uur van die engel *(*The Hour of the Angel*)

Karel Schoeman's novel, Die uur van die engel *(*The hour of the angel*) (1995), seems to invite a deconstructive reading as the impossibility to represent an event (understood in Derridean terms as unpredictable and singular) in language is repeatedly demonstrated in this novel (and also in many of his later novels). It is pointed out that although this kind of Derridean reading of the novel makes sense, a careful reading also indicates that Schoeman attempts to reach beyond the aporia. Drawing on Badiou's thought on the event and on Gumbrecht's emphasis on "the production of presence", I indicate how reading Schoeman's novel (in contrast to reading his historical works) becomes an event in itself. The article opens up a "third way", beyond the dominant paradigms of Deconstruction and Cultural studies, namely to read literature as an event.*

1. Inleiding: literatuurbeskouings tussen twee ontologieë

In sy jongste boek, *Atmosphere, Mood, Stimmung. On a Hidden Potential of Literature* (2012), redeneer Hans Ulrich Gumbrecht dat al die verskillende literatuurbeskouings aan die begin van die 21ste eeu, ná die tyd van die groot teoretiese bewegings van die 1960's en 1970's, eintlik op een van twee basiese ontologieë van literatuur berus:

> Today, after manifold departures, reorganizations, and metamorphoses (which as a rule, have not been motivated by any explicit program or project), we find ourselves facing marked – indeed, seemingly irreconcilable, mutually exclusive – differences between two basic assumptions concerning the ontology of literature [...] On the one hand stands Deconstruction. [...] On the other hand, there is Cultural Studies (Gumbrecht, 2012: 2).

Die "ontologie van literatuur" is vir Gumbrecht die fundamentele uitgangspunt van enige literêre benadering rakende die verband tussen literêre tekste en die

werklikheid (werklikhede) buite die tekste. Die twee basiese ontologieë wat Gumbrecht (welbewus van die oorvereenvoudiging) onderskei, is dekonstruksie aan die een kant en kultuurstudie aan die ander kant. Dekonstruksie spruit uit die "talige wending" in die filosofie en vir die aanhangers daarvan is kontak tussen taal en enige werklikheid buite taal, onmoontlik. Enige argumente teen hierdie beskouing word as naïef afgemaak. Vanuit 'n konstruktivistiese oogpunt is die vernaamste taak van literatuurkritiek om aan te toon hoedat alle tekste eintlik slegs talige konstruksies is: hoedat terme na mekaar verwys en hulle betekenis verkry van hulle plek in die gestruktureerde geheel (Vintges, 2003: 14). Kritici is besig om te "dekonstrueer" deur te demonstreer hoedat tekste "gekonstrueer" is en die gevolg is dat konstruktivistiese kritiek telkens demonstreer hoedat tekste nie na 'n buitetalige werklikheid kan verwys nie.

Die ander ontologie van literatuur wat Gumbrecht onderskei, wat nie voortdurend die verhouding tussen taal en werklikheid problematiseer nie, bring hy breedweg onder die noemer van "kultuurstudie-benaderings" tot die literatuur tuis. Die kultuurstudiebenaderings, wat wortels het in Marxistiese opvattings, is nie so skepties teenoor literatuur se verhouding tot 'n buite-talige werklikheid nie.

Verskeie kritici het al 'n onvergenoegdheid uitgespreek met literatuurstudie wat óf in die spoor van die dekonstruksiedenke voortdurend die tekortkominge van taal in elke teks blootlê óf in benaderings waarvolgens die literatuur eintlik in diens gestel word van die sosiale geskiedenis. (Vergelyk in hierdie verband McDonald, 2007; Vintges, 2003; Waters, 2005.)

Literatuurstudie loop die gevaar om in die spanning tussen hierdie twee pole te stagneer en daarom voer Gumbrecht aan dat 'n "derde posisie" noodsaaklik geword het. In hierdie opstel word aangevoer dat Karel Schoeman se *Stemme*-drieluik, en spesifiek *Die uur van die engel* (1995), so 'n "derde posisie" suggereer. Hoewel hierdie roman 'n konstruktivistiese lesing uitnooi (soos hieronder aangetoon, word die onmoontlikheid om die buitetalige werklikheid in taal vas te vang telkens in die roman beklemtoon), en terwyl dit ook sinvol is om die roman vanuit 'n kultuurstudieperspektief te benader deur aan te dui hoedat sekere diskoerse (en ook groepe) gemarginaliseer is, word hier aangedui dat die roman die leser tot 'n "derde posisie" lei.

2. "Iets het gebeur"

In *Die uur van die engel* besoek Nico, 'n vervaardiger van dokumentêre TV-films, die plattelandse dorpie in die Suid-Vrystaat waar hy grootgeword het. Enersyds wil hy vir 'n rukkie ontsnap uit die kompeterende televisiebedryf, maar andersyds hoop hy ook om stof te versamel vir 'n moontlike dokumentêre program. Hy

onthou gerugte oor 'n skaapwagter uit dié dorpsdistrik wat in die middel van die 19de eeu beweer het dat 'n engel aan hom verskyn het. Nico probeer om inligting te vind oor dié skaapwagter, Daniël Steenkamp, wat meer as 'n eeu tevore in 'n reeks lomp gediggies sy ervaring van die engel se besoek probeer verwoord het.[1] Steenkamp is destyds voor die kerkraad gedaag omdat hy volgehou het om te getuig dat 'n engel aan hom verskyn het. Ten spyte van die kerkraad se uitdruklike verbod, het Steenkamp ná die engel se verskyning hom daarop toegespits om die evangelie aan die armes en ongeletterdes in die omgewing te bring.

Die verse, wat deur die ongeletterde Steenkamp se suster opgeteken is, is later deur 'n dominee van die gemeente, ds. Heyns, ontdek, geredigeer, van 'n voorwoord voorsien en laat uitgee. Jare daarna beskryf 'n onderwyser van die dorp, Jodocus (Jood) de Lange, ook die voorval in sy geskiedenis van die dorp. Jood de Lange is eweneens deur die gedigte ontroer en hy laat die verse opnuut op eie koste uitgee, sonder ds. Heyns se redaksionele wysigings en inleiding.

Nico besef uiteindelik dat daar nie 'n film te maak is uit hierdie gegewe nie. Hy besoek die plek waar die engel na bewering aan Danie Steenkamp sou verskyn het en hy bring tyd in die dorpsmuseum deur, maar hy "besef al lesende opnuut hoe min daar werklik is. 'n Inskrywing in 'n doopregister, en dan niks meer nie, die menselewe waarop dit dui verlore, om eers jare later weer kortstondig uit die vergetelheid op te duik […]" (32).[2]

> En tóg, dink hy, nog altyd onwillig om hierdie slotsom te aanvaar en die poging gewonne te gee, **tog het iets gebeur**: in daardie donker huis waar die mense in 'n kring om die lig van die vetkers vergader het, in die stof en die hitte waarin die klippe dag na dag losgebeur, aangery en opgestapel word tot 'n muur, op die veld waar die skape uitbeweeg tussen die bossies, peuselend aan die karige gras, in **die geleende woorde en frases** van 'n vreemde taal, iewers in daardie ruimte, iewers binne daardie vaag aangeduide grense het daar tog iets gebeur, iets waarvan dominee Heyns en Jodocus de Lange elk op sy eie manier ewe goed bewus was, al het albei van hulle ook eweseer daarin gefaal in sy pogings om dit tot uitdrukking te bring, **iets wat die jare en die afstand en die aarselende, ontoereikende woorde oorlewe het**: die mens wat aangesteek word soos 'n kers en vuur vat, laaiend soos 'n vlam, die silwererts stralend soos vuur deur die ysterklip, die bossies van die veld deurstraal met die gloed van 'n verterende vuur terwyl die skape onverstoord verder wei. Iets het gebeur (38-39) [my beklemtoning – W.D.B.].

In hierdie aanhaling (maar ook herhaaldelik in die res van die roman) dui die gebruik van formulerings soos "geleende woorde en frases" en "aarselende, ontoereikende woorde" op die tekortkominge van pogings om die verlede in taal weer te gee. Trouens, dit blyk herhaaldelik dat pogings om na énige buitetalige werklikheid te verwys, by voorbaat gedoem is en daarom nooi die roman as't ware 'n dekonstruktivistiese lesing uit.

Schoeman is telkens in sy oeuvre gemoeid met pogings om die verlede te ondersoek, om dit op te teken en te bewaar. Veral in die *Stemme*-drieluik (waarvan *Die uur van die engel* deel uitmaak) staan hierdie poging sentraal. In *Verliesfontein* (wat as "Stemme 1" die inleiding tot die drieluik is ten spyte van die feit dat dit ná die ander twee romans in die drieluik verskyn het) word die gemoeidheid met die verlede in hierdie romans soos volg verwoord:

> Die verlede glip weg en raak verlore, vloei weg soos water, stroom weg soos sand, en ons hoor die lae geruis en merk hoe dit verlore gaan. Ek is al wat dit sien, die enigste waarnemer, die enigste getuie: die stof op die blink swart stewels, die spore van die perde in die pad, die wiegende gordyn voor die venster of die lintjie op die drumpel; ek is al wat daarvan weet, en as ek dit nie opteken nie, sal dit verlore gaan asof dit nooit bestaan het nie. Ek is al wat hoor, en as daar stemme uit hierdie duister sou opklink, sal die woorde verlore gaan as ek nie luister en dit opteken nie (Schoeman, 1998: 89).

Ten spyte van hierdie verantwoordelikheidsbesef ten opsigte van die optekening van die verlede, blyk in al drie die *Stemme*-romans 'n bewustheid van die tekortkominge van alle pogings om die verlede te probeer opteken. (Burger, 2000 en 2010, dui aan hoedat geskiedskrywing in *Verliesfontein* en in *Hierdie lewe* onderskeidelik geproblematiseer word.) In *Die uur van die engel* besef eers dominee Heyns, later Jood de Lange, en uiteindelik ook Nico, dat die getuienis oor die verlede nie genoegsaam is om die verlede weer te gee nie: "Die getuienis het bewaar gebly, maar die belewenis waarna dit verwys, het onredbaar verlore gegaan en kan nie meer op oortuigende wyse herwin word nie" (46).

Hierdie aanhaling, sowel as die lang aanhaling hierbo ("En tóg [...] tog het iets gebeur"), skep die indruk dat hierdie roman aansluit by 'n konstruktivistiese beskouing van taal en dat enige pogings om gebeurtenisse wat in die verlede plaasgevind het te kan weergee, reeds gedoem is as gevolg van taal se ontoereikendheid om na 'n buitetalige werklikheid te verwys.[3]

Ten spyte van hierdie bewustheid dat representasie van die verlede streng gesproke onmoontlik is (hieronder word die onmoontlikheid van representasie aan die hand van enkele opvattings van Derrida breedvoeriger verken), word in *Die uur van die engel* voortdurend daarop aangedring dat die onmoontlikheid van representasie nié beteken dat niks gebeur het nie. Daardeur word gesuggereer dat representasie as sodanig nie die fokus van die roman (of van die lees van literêre tekste) hoef te wees nie.

Soos reeds hierbo genoem, sou dit maklik wees om aan te dui dat die roman bevestig dat taal nie na 'n buitetalige werklikheid kan verwys nie (en dit word wel in die volgende deel van hierdie opstel belig). 'n Lesing wat aansluit by die ander uiterste "ontologie van letterkunde", waarvolgens die verhouding tussen taal en

werklikheid nie geproblematiseer word nie, is reeds gedoen. Vergelyk wat *Die uur van die engel* betref, G.A. Jooste (1998), terwyl Viljoen (2002) genderaspekte in *Hierdie lewe* ondersoek. Jooste wys byvoorbeeld daarop dat Steenkamp die swye opgelê is deur 'n patriargale kerk wat begaan is oor mag, terwyl Viljoen onder meer aandui hoedat vrouestemme gemarginaliseer word.

Hoewel representasie in *Die uur van die engel* geproblematiseer word, is dit uiteindelik duidelik dat taal, dat die letterkunde, nie 'n buite-talige gebeurtenis hóéf weer te gee nie en dat dit tot 'n sekere ervaring van "binne" aanleiding kan gee. "Die reis gaan inwaarts" (386), besef Nico immers aan die einde. Hierdie roman bied 'n "derde moontlikheid", buite die ontologieë van die onmoontlikheid van representasie en die aanvaarding van representasie, naamlik 'n "ervaring van teenwoordigheid" (soos Gumbrecht [2004] dit noem).

Die bespreking volg drie bewegings. In die eerste word, in aansluiting by Derrida se beskouing van "gebeurtenis", aangedui hoedat die roman wel aansluit by 'n konstruktivistiese taalbeskouing. In die tweede deel word die rol van die getuienis van karakters wat probeer om oor die gebeurtenis te getuig, na aanleiding van Badiou se beskouing van "getuienis", ondersoek. Ten slotte word aangedui hoedat Schoeman 'n derde moontlikheid vir literatuurstudie oopmaak.

3. Die "ontoereikende" en "geleende woorde en frases": representasie en die talige wending

Gebeure is een van die konstituerende elemente van stories: "Along with existents, events are the fundamental constituents of the story" (Prince, 2003: 28). 'n Gebeurtenis impliseer 'n verandering in toestand of situasie (Brink, 1987: 38; Prince, 2003: 28). Goethe het reeds na die gebeurtenis verwys as 'n "onverwagte, onvoorspelbare en sonderlinge ingryp" in die normale verloop van die plot (Hühn, 2009: 83).

Die "gebeurtenis" as 'n sonderlinge, onvoorspelbare en onverwagte ingryp op die normale gang van die lewe word veral sedert die 1980's deur verskeie filosowe bedink. Vir Derrida (2007: 446) is die kenmerke van 'n gebeurtenis dat dit onvoorsienbaar is, eenmalig is en dat dit die gewone gang van die geskiedenis verlê: "One of the characteristics of the event is that not only does it come about as something unforeseeable, not only does it disrupt the ordinary course of history, but it is also absolutely singular."

Derrida fokus in sy opstel, "A Certain Impossible Possibility of Saying the Event" (2007), op die onmoontlikheid om 'n gebeurtenis onder woorde te bring. Die "sê van die gebeurtenis" is vir Derrida by voorbaat gedoem. Die oomblik wat ek die gebeure beskryf, wat ek dit uitspreek, wat ek dit probeer meedeel, is dit vir Derrida nie meer 'n gebeurtenis nie. Die rede daarvoor is dat die beskrywing

van die gebeurtenis altyd agterna kom en as sodanig is die uitspreek van die gebeurtenis altyd reeds 'n interpretasie – die gebeurtenis verloor die struktuur van gebeure as absoluut onvoorspelbaar en sonderling en kry die struktuur van taal ('n narratief of film of foto of watter vorm van uitdrukking daar ook al mag wees). Soos Nico dit in *Die uur van die engel* stel:

> "Ek werk met woorde en beelde, en dalk raak mens algaande so dat jy nie meer die werklikheid kan hanteer tensy jy dit eers vir jouself verwerk het in 'n vorm wat jy kan verstaan nie, tot jy 'n draaiboek en 'n film daarvan het, of 'n artikel of 'n boek" (83).

Die gebeurtenis self lê dus vir Derrida altyd buite bereik. As die gebeurtenis op die een of ander manier beskryf kan word, is dit reeds nie meer 'n gebeurtenis nie. In 'n beskrywing kry die gebeurtenis 'n oorsaak en 'n gevolg en sodoende verloor dit die aard van 'n unieke en onvoorspelbare ingryp. Om die sonderlinge, eenmalige ingryp wat 'n gebeurtenis eintlik is, te beskryf, is om die gebeurtenis tot niet te maak.

Aan die hand van sy bekende argumente oor die onmoontlike moontlikheid van gasvryheid en vergifnis redeneer Derrida dat die gebeurtenis, net soos 'n geskenk of vergifnis of gasvryheid, eintlik slegs kan bestaan as dit onmoontlik is. As die gebeurtenis immers reeds by voorbaat moontlik is, reeds gestruktureer is (soos byvoorbeeld binne 'n vertelling), dan is dit geen gebeurtenis meer nie. Die bely van 'n misstap of die aanbied van vergifnis kan nie, indien dit by voorbaat reeds moontlik is omdat dit reeds opgeneem is in 'n verwagting, 'n patroon of struktuur, werklik 'n individuele, onafhanklike gebeurtenis wees nie. Daarom noem Derrida dit 'n "onmoontlike moontlikheid":

> The event is something that vertically befalls me when I didn't see it coming. The event can only seem to me to be impossible before it occurs (*arriver*). This doen't mean that events don't occur, that there are none; what it means is that I cannot say the event in theoretical terms and I cannot predict it either (Derrida, 2007: 452).

Die verskyning van die engel in *Die uur van die engel* is só 'n gebeurtenis. Nico se aandrang dat "iets" gebeur het, iets wat nie onder woorde gebring kan word nie, waaroor geen film te maak is nie, sluit ook by hierdie beskouing van gebeure aan. Die gebeurtenis is só uniek, só onvoorspelbaar, só buite bereik van die taal of enige ander struktuur, dat dit 'n onkenbare ander is. Danie Versies se gedigte kan nie uitdrukking gee aan sy ervaring van die engel se verskyning nie, Jood de Lange kan die verlede van die dorp nie vasgepen kry in sy geskiedenis nie en dominee Heyns kan met sy lomp Nederlandse sinne nie sy gemeentelede oortuig van sy roepingsdrang nie.

Schoeman volstaan egter nie met die onmoontlikheid van segging nie. In die lang aanhaling uit die roman hierbo word herhaaldelik gebruik gemaak van die bywoord "tóg". Ten spyte van die onmoontlikheid om die onkenbare ander van die gebeurtenis uit te spreek, word daarop aangedring dat die onmoontlikheid om dit uit te spreek nie beteken dat niks gebeur het nie. *Die uur van die engel* (soos die ganse projek om die stemme uit die verlede op te teken in die *Stemme*-drieluik) is nie bloot 'n demonstrasie van die "onmoontlike moontlikheid" nie. Gevolglik word gekyk na die rol van die getuie, voordat uiteindelik ook die stemming van die roman bespreek word.

4. "[M]y getuienis voor die mense moet nou begin": getuienis oor die gebeurtenis

Die engel wat aan Daniël Steenkamp verskyn, praat nie:

> Hy het nie gepraat nie en my geen opdrag in woorde gegee nie, maar daar was ook geen woorde nodig nie, want die verskyning van Gods gesant was vir my genoeg as teken om te weet dat ek my verkondiging en my getuienis voor die mense nou moet begin (314).

Die verskyning van die engel is, in Derridiaanse terme, 'n gebeurtenis wat onvoorspelbaar, vertikaal, die skaapwagter toeval ("vertically befall"). Die engel sê niks, geen woorde is nodig nie, dit is 'n gebeurtenis waardeur Steenkamp genoop voel om te getuig.

Ook dominee Heyns voel verplig om te getuig oor sý ervaring. Hy besef deeglik dat Steenkamp se lomp woorde nie genoegsaam is nie en daarom redigeer hy aan die verse en skryf 'n inleiding daarvoor. Hy besef ook wel deeglik dat sy eie woorde, sy preke, sy pogings om met gemeentelede in nood te praat, eweneens nie reg kan laat geskied aan sy persoonlike roepingservaring nie. Nietemin ervaar hy 'n pligsgevoel om woorde te vind, om te getuig oor die ervaring:

> Hoe moet ek woorde vind vir wat ek nou wil probeer sê? Waarskynlik is daar ten slotte ook geen woorde nie, en tog probeer mens, aangedrewe tot 'n taak wat geen vooruitsig van welslae bied nie deur die heftigheid van jou gevoel en die besef van jou verpligting om getuienis af te lê van dit wat jy ervaar het, van dit wat jou so volkome onverwag en onverdiend toebedeel is (268).

Ten spyte van Heyns se besef dat taal nie enige kans op welslae het nie, dat "daar ten slotte ook geen woorde" is nie, is hy nietemin daarvan bewus dat sy ervaring van 'n volkome onverwagse en onverdiende toebedeling 'n verpligting op hom lê. (Die woordkeuse herinner aan Derrida se opvatting van die gebeurtenis as iets wat 'n mens "vertikaal toeval".) Ná hierdie ervaring kan sy lewe nie meer dieselfde wees

nie; die ervaring se effek was té heftig om te ignoreer. Hy kan nie anders as om daaroor te getuig nie.

Ten einde hierdie pligsbesef teenoor die gebeurtenis, wat sowel Steenkamp as Heyns ervaar, verder te ondersoek, word aangesluit by enkele idees van die filosoof Alain Badiou. In Badiou se werk staan die gebeurtenis sentraal.[4] Soos vir Derrida, is die gebeurtenis vir Badiou eweneens onherhaalbaar, onvaspenbaar, onvoorspelbaar en onverwoordbaar: "Events are irreducible singularities, the 'beyond the law' of situations" (2001: 44). In sy essay, *Ethics. An Essay on the Understanding of Evil* (2001), lê Badiou klem op die rol van die getuie as skepper van "waarheid". Volgens hom word die individu eintlik eers 'n subjek wanneer hy/sy oor die gebeurtenis getuig.

Volgens Badiou leef alle mense daagliks binne 'n "objektiewe situasie", die normale stand van kennis oor die wêreld en die gewone verhoudings waarin mense teenoor mekaar staan – 'n soort *status quo*. In hierdie omstandighede probeer elke individu om so goed as wat hy/sy kan te oorleef. Badiou (2001: 46) gebruik Spinoza se formulering as hy sê dat mense "volhard in bestaan". Wanneer 'n gebeurtenis plaasvind – iets onvoorspelbaars gebeur wat hierdie "objektiewe situasie" skielik onderbreek – word die individu wat die gebeurtenis waarneem of ervaar, tot stilstand geruk. Ná die gebeurtenis het die individu nodig om alle ander aspekte van sy/haar bestaan in verband met die gebeurtenis te bring, om die bestaande "situasie" te herbedink in die lig van die gebeurtenis: "thinking the action according to the event" (Badiou, 2001: 41). Die gebeurtenis kan nie gereduseer word tot die "situasie", tot "wat daar is", nie en dwing die individu tot 'n nuwe manier van bestaan. Al die bestaande kennis en al die bestaande magsverhoudings is in die lig van die gebeurtenis nie meer genoegsaam en aanvaarbaar nie. Die gebeurtenis slaan as't ware 'n "gat" in bestaande kennis (Badiou, 2001: 42). Hierdie "gat" of leemte (*void*) in bestaande kennis kon nie voorheen voorsien word nie, maar word eers duidelik ná die gebeurtenis. Die gebeurtenis is vir Badiou die "benoeming van die leemte". Om die leemte te benoem, is om die bekende elemente van die bestaande situasie te herrangskik op 'n manier wat nie voorheen moontlik was nie: "We might say that since a situation is composed by the knowledges circulating within it, the event names the void inasmuch as it names the not-known of the situation" (Badiou, 2001: 69).

Badiou noem vier voorbeelde: die Franse revolusie, die ontmoeting van Heloïse en Abelard, Galileo se ontdekking en Haydn se uitvinding van die klassieke styl. Hierdie is nie lukraak gekose voorbeelde nie, maar lê op die vier "waarheidsterreine" wat Badiou onderskei, naamlik die politiek (die kollektiewe), die liefde (die persoonlike), die wetenskap en die kuns ("gemengde situasies") (Hallward, 2001: xi). Op elk van hierdie "waarheidsterreine" kan 'n gebeurtenis plaasvind wat alle bestaande kennis en magsverhoudings daarbinne omverwerp en eis dat dit herbedink moet word.

Die gebeurtenis word uitgesluit deur die "situasie" (bestaande kennis en verhoudings). 'n Gebeurtenis kan immers nie voorsien word vanuit die situasie nie, kon nie voorspel word deur die kennis in enige van hierdie waarheidsterreine nie – dan sou dit nie 'n onvoorspelbare gebeurtenis wees wat in Derrida se bewoording 'n "vertikale inval" is nie. 'n Mens kan nie weet wat dit is om verlief te raak nie en kan dit nie voorspel nie. Wanneer dit egter gebeur, is dit nodig om 'n mens se hele lewe hiervolgens te herbedink. Haydn kon nie meer voortgaan met barokmusiek nie. Ná Einstein kan fisika nie meer dieselfde wees nie.

Die gebeurtenis verg egter trou ("fidelity") van die waarnemer (Badiou, 2001: 42). Trou aan die gebeurtenis lei tot 'n nuwe "waarheid". Hierdie waarheid is vir Badiou egter 'n immanente waarheid – dit word nie uit "'n hemel van waarhede" (Badiou, 2001: 43) gehaal nie, maar ontstaan in die situasie wanneer die bestaande situasie – die bestaande "waarheidsterrein" – in die lig van die gebeurtenis herbedink word.

Vir Badiou, soos vir Derrida, het die gebeurtenis geen objektiewe en toetsbare inhoud nie: "Its 'happening' cannot be proved, only affirmed and proclaimed" (Hallward, 2001: ix). Die gebeurtenis, subjek en waarheid is vir Badiou almal aspekte van 'n enkele proses van bevestiging ("affirmation"): "a truth comes into being through those subjects who maintain a resilient *fidelity* to the consequences of an event that took place *in* a situation but was not *of* it" (Hallward, 2001: x).

Die gewone mens word vir Badiou 'n subjek wanneer hy/sy sigself toewy aan die insig waartoe hy/sy gekom het. Die individu wat getrou bly aan hierdie ervaring, getuig oor die gebeurtenis. Om te getuig oor die gebeurtenis is om die leemte in bestaande kennis, in die bestaande situasie aan te dui, om die leemte te benoem: "We might say that since a situation is composed by the knowledges circulating within it, the event names the void inasmuch as it names the not-known of the situation" (Badiou, 2001: 69).

Trou aan die gebeurtenis word in *Die uur van die engel* op ten minste vier maniere uitgedaag. Eerstens is die konteks waarin die gebeurtenis plaasvind, onbekend. Tweedens is daar teenkanting van ander mense teen die getuies. Derdens is die taal wat tot die getuies se beskikking is, onvoldoende en vierdens is die "genres" waarvan getuies hul kan bedien, nie geskik om hul getuienis te dra nie.

4.1 *Konteks van die getuienis*

Die gebeurtenis wat die leemte of "onbekende" van die situasie aandui, vind altyd binne 'n spesifieke historiese konteks plaas. Hoewel die gebeurtenis nie vanuit die historiese konteks voorsien kon word nie, vind dit op 'n spesifieke moment plaas waarin die leemte van die situasie in daardie tyd aangedui word. In hierdie verband is dit belangrik dat daar in *Die uur van die engel* telkens aangedui word

hoe belangrik die konteks van die gebeure is as 'n mens by nabaat probeer om die getuies te verstaan. Nico en Tannie Duifie sukkel byvoorbeeld om die Nederlands van destyds te verstaan – die kulturele konteks is buite bereik. Nico is ook bewus van die belang van konteks wanneer hy in die hotel bly en stemme uit die verlede en uit die omgewing hoor. Die taal waarin die inwoners met mekaar praat, die stemme wat hy onthou, is sinloos buite konteks:

> […] gesprekke, fragmente wat op sigself min beteken en nagenoeg sinloos sou wees indien hulle opgeteken moes word op papier, maar betekenis verkry uit stemtoon en stembuiging, uit die beklemtoning van skynbaar willekeurige lettergrepe en die soms skaars merkbare pouses tussen woorde, sodat die swye ewe seer tot die sin bydra as dit wat uitgespreek word (39).

Om dus in die hede te begryp wat 'n getuie in 'n spesifieke historiese situasie probeer verduidelik het, is baie moeilik omdat die konteks verlore geraak het. Dit is waarom sowel ds. Heyns as Jood de Lange se latere pogings om die verse van Steenkamp uit te gee, asook Nico se poging om daaroor 'n film te maak, gedoem is. Die historiese situasie waarin die woorde destyds gebruik is, die leemte wat dit tóé in die bestaande kennis van die situasie aangedui en benoem het, is vandag nie meer verstaanbaar nie.

4.2 *Konteks van die getuienis*

Benewens die probleem dat die konteks waarin die getuienis gelewer is nie agterhaalbaar is nie, was dit reeds oorspronklik moeilik om die getuienis te laat rym met die destydse domein van kennis of om die leemte in die bestaande domein van kennis aan te dui. Dit hang saam met die teenkanting van diegene wat vashou aan die "situasie" en die feit dat dit baie moeilik is om nuwe kennis te skep wat die bestaande kennis oorstyg. Laasgenoemde verg 'n radikale herrangskikking van die bestaande elemente van die beskikbare kennis. Daarom is dit nie vanselfsprekend dat 'n individu getrou sal wees aan die ervaring nie. In *Ethics* (2001) lê Badiou 'n verband tussen boosheid en ontrouheid aan die gebeurtenis. Boosheid kan eerstens ontstaan as 'n mens verraad pleeg teenoor die gebeurtenis en besluit om nie daaroor te getuig nie; tweedens, wanneer 'n mens nie wil aanvaar dat 'n gebeurtenis 'n leemte aandui nie en derdens, wanneer die waarheid wat ontstaan, verhef word tot 'n finale, volledige waarheid.

In *Die uur van die engel* is die verskyning van die engel natuurlik die eerste gebeurtenis wat 'n "gat slaan" in bestaande kennis. Danie Steenkamp is getrou aan hierdie gebeurtenis. Die gebeurtenis het hom heeltemal onverwags

oorval, sy bestaande wêreld omvergewerp en hy kon nie langer die kerk se dogma aanvaar nie. Die eenvoudige skaapwagter se lewe is ten diepste aangeraak deur die gebeurtenis en sy getuienis lei tot 'n ander manier van lewe. Onder druk van die kerkraad begin hy self twyfel in sy getuienis en hy vra selfs vir 'n teken dat die verskyning van die engel werklik met hom gebeur het. Hierdie teken word inderdaad aan hom gegee wanneer sy skaapwagterstaf begin bot en bloei (313). Dit is egter geen objektief waarneembare teken nie – ander mense kan dit nie waarneem nie. Steenkamp aanvaar egter dat die teken slegs vir hom gegee is sodat hy daaroor moet getuig (313).

4.3 *Konteks van die getuienis*

Nie alleen lei die engel se verskyning daartoe dat Steenkamp sy lewe aan die verkondiging van die evangelie aan die armes en die Griekwas wy nie, hy probeer ook om iets van die belewenis self in woorde weer te gee. Hierdie poging om deur poësie oor die gebeurtenis te getuig misluk. Die jong boer vra vir Nico of Steenkamp se gedigte goed was, waarop die volgende uittreksel volg:

> "Nee," sê hy, "as poësie is dit nie goed nie. Streng beskou is dit trouens ook nie eers poësie nie."
>
> Die jong man oorweeg weer die inligting. "Wat is dit dan wat jou daarin interesseer?"
>
> Hy bly lank stil terwyl die jong man langs hom bly sit sonder teken van ongeduld. Hy het egter geen antwoord gereed nie. [...]
>
> "Dis nie goed nie," herhaal hy uiteindelik, tastend, "hy skryf in 'n vreemde taal, oor gesigte wat hy gesien het en stemme wat hom aangespreek het, alles verward, hy kan dit nie eers behoorlik verduidelik sodat dit verstaanbaar word nie, en as mens dit nog sou kon verstaan, sou jy seker ook nie bereid wees om dit te glo nie. En tog…" […] "Mens voel tog dat daar iets was," sê hy uiteindelik; "dat daar iets gebeur het, dat daar tog wel iets met hom gebeur het, al kan ek dit self nie verduidelik nie […] Dat 'n man wat ongeletterd was, feitlik ongeletterd, hom gedrewe gevoel het om verse te begin maak in 'n vreemde taal bloot net omdat hy nie geweet het om dit wat hy beleef het anders uit te druk of te verwerk nie, omdat hy nie geweet het wat anders om met sy kennis te doen nie…" (84-85).[5]

Die kennis wat Steenkamp opdoen, kennis wat die leemte in bestaande kennis aandui, kan nie verwoord word nie omdat hy in 'n "vreemde taal" moet werk (die skryftaal van die dag – Nederlands – is vir hom vreemd). Ook die genres waarmee hy bekend is – psalms en gesange – bied nie voldoende ruimte vir hom om sy kennis, sy besondere ervaring te verwoord nie.

Ds. Heyns ervaar 'n soortgelyke frustrasie met die Nederlands waarin hy sy preke probeer maak. Ds. Heyns kon nie woorde vind vir die "onuitspreeklike, onuitspreekbare en onnoembare" boodskap wat hy wil bring nie (212), ten spyte

van sy geleerdheid en besonder indrukwekkende taalkennis. Wanneer hy sy preek probeer uitskryf, kom Heyns tot die volgende besef oor sy poging om te getuig:

> Al die dooie woorde wat uitmekaar val wanneer jy hulle probeer saamvoeg soos die klippe van 'n muur wat nie behoorlik gepak is nie, swaar wegbreek en wegrol om net 'n lyn van puin oor te laat op die plek waar die muur moes staan (212).

Hierdie beeld dui ook daarop dat woorde, dat taal, net by benadering 'n lyn kan aandui – dat dit nie die muur self kan wees nie, omdat woorde soos klippe is. Daarom kom hy tot die slotsom dat daar geen woorde is om oor die gebeurtenis te getuig nie:

> Daar is ten slotte geen woorde nie. Ek het my kers aangesteek, die lamp afgedraai. Ek was alleen in die huis. Blaker in die hand het ek by die donker gang af gegaan na die donker slaapkamer. Ek kon maar net woorde uitsoek en uitspreek, die beste woorde wat in die omstandighede beskikbaar was, in die vertroue dat God en sy gees hulle deur middel daarvan sou laat geld. Ek het die kers doodgeblaas en aan die slaap geraak in die donker (212-213).

Die implikasie vir die getuie is duidelik: Die getuie is in die donker wanneer hy enige mededelings probeer maak en probeer om die duisternis daarmee te belig. Die poging bly egter vergeefs – hy raak ook in die donker aan die slaap. Sy eerste ervaring as dominee is ook dat woorde nie troos kan bring nie – hy staan immers magteloos teenoor die verlies van die weduwee en kan geen geskikte verse uit die Bybel voorlees nie: "niks wat my Bybelverse teen hierdie werklikheid kon uitrig nie" (213-214).

Ds. Heyns het ook self 'n gebeurtenis beleef wat 'n deurslaggewende invloed op sy lewe gehad het, wat hom laat besluit het om 'n predikant te word. Hy kan egter ook nie vir daardie deurslaggewende gebeurtenis in sy lewe woorde vind nie, al voel hy 'n drang om daaroor te getuig:

> Hoekom onthou ek dit nog altyd, hoekom wil ek na meer as twintig jaar nog altyd daaroor praat en daarvan begin vertel, om telkens maar net teleurgestel en onbegrypend te ontdek dat daar niks is om te vertel nie, niks wat oorgedra of meegedeel of selfs op genoegsame wyse in woorde saamgevat kan word nie? Maar dit maak ten slotte seker ook nie saak nie, al wat belangrik is, is dat dit belewe is, dat die blare van die eikeboom aan die brand geslaan het in 'n laaiende groen vuur, een oggend lank gelede, en dat dit in my herinnering vlammend daar bly staan, ver weg aan die einde van die granaatlaning wat ek nooit weer sal sien of betree nie (223).

Ten spyte daarvan dat hy nie die woorde kan vind nie – net soos wat Steenkamp se verse ook nie genoegsame woorde kon wees om aan sý ervaring reg te laat geskied

nie – bly ds. Heyns, net soos Steenkamp, getrou aan die gebeurtenis. Steenkamp het voortgegaan om die evangelie aan die armes te bring en ds. Heyns gaan voort met sy werk onder die gemeente se armes, ten spyte daarvan dat die gemeente hom nooit aanvaar het nie.

4.4 *Onvoldoende vorm ("genre") vir die getuienis*

Soos Steenkamp gebruik moet maak van die "genres" wat aan hom bekend is – die psalms en gesange – en hierdie genres nie voldoende is om uitdrukking te gee aan sy unieke ervaring nie, so kan ds. Heyns ook nie in die Bybel en die Nederlandse woordeboek die woorde vind waarmee hy kan getuig nie:

> Spartelend en swoegend tussen die woorde, tussen die sinne, in die taal, tastend deur die woordeboek in 'n moeras van geslagte, vervoegings en verbuigings. Daar is geen woorde nie, selfs die blote woorde bestaan nie vir die begrippe wat ek sou wil uitdruk nie, laat staan nog die vermoë om gevoelens en gedagtes uit te druk, en tog was dit al wat ek as my werktuie had, woorde uit die Bybel en die Nederlandse woordeboek wat sierlik, welluidend en grammatikaal tot volsinne saamgeryg moes word en op hul beurt weer opgebou tot uiteensettings, bewysredes en gevolgtrekkings wat na vorm sowel as inhoud die goedkeuring van die ouderlinge en die ander ou ooms van die gemeente moes kan wegdra (246-247).

Hy besef met elke preek sy stem is onhoorbaar, sy woorde onverstaanbaar en sy gedagtes ontoeganklik (247).

Dit wil dus lyk asof alle pogings om te getuig aan die dekonstruksie se besef dat taal tekort skiet, onderworpe is. Belangriker is egter dat hierdie getuies, ten spyte van die bewustheid dat hulle woorde nie genoegsaam is nie, nietemin getrou bly aan gebeurtenisse wat hulle ervaar het.

Ds. Heyns herken natuurlik in Steenkamp se verse iets van sy eie onmag en juis daarom laat hy die verse uitgee. Hy probeer ook om deur middel van die verse eintlik iets van sy eie getuienis te lewer – daarom redigeer hy die verse en skryf 'n voorwoord – wat later vir Jood so irriteer. Jood de Lange se pogings om die verse weer na hulle oorspronklike vorm te herstel, slaag egter ook nie daarin om die oorspronklike gebeurtenis teenwoordig te stel nie.

Uiteindelik kan ook Nico niks oor die verse aan die boer verduidelik nie, nietemin bly hy herhaal dat daar "tóg" iets gebeur het. In daardie opsig het al die getuienisse "tóg" 'n effek. Hierdie effek kan nie beskryf word nie. Die gebeurtenis bly buite almal se bereik, die getuienis kan die gebeurtenis nie opnuut teenwoordig stel nie. Ten spyte daarvan, bly die ervaring van die oorspronklike gebeurtenis voortbestaan en is daar telkens weer iemand wat probeer om woorde daaraan te gee. "En tóg… het iets gebeur."

5. "En tóg…": 'n inwaartse reis verby representasie

Die verskyning van die engel gebeur nie ná 'n aktiewe handeling van Steenkamp nie, maar slegs nadat hy geduldig daarvoor gewag het (314). Nico het uiteindelik ook 'n ervaring van die verlede wanneer hy nie probeer om iets te vind nie, maar bloot in sy motor sit en wag. In die slotgedeelte ("Terugkeer") word oorgegaan na die tweedepersoonsvorm om ook op die leser 'n aanspraak te maak om te wag:

> Geduld moet mens leer, nederigheid, swygsaamheid, inkeer en stilte, moeilik beoefenbare eienskappe wat in die gegewe omstandighede nie slegs wenslik is nie, maar gebiedend noodsaaklik. Om stil te wees, om nie te roer nie, om te swyg, en **om woordeloos te wag sonder verwagting** – hier êrens kan iets soos 'n antwoord of 'n oplossing dalk proefondervindelik ontdek word (385) [my beklemtoning – W.D.B.].

Die "iets" wat gebeur het, is nooit as sodanig kommunikeerbaar nie – soos onder meer oortuigend aangevoer vanuit konstruktivistiese oogpunt. Die getuienis kan egter wel lei tot 'n ervaring. Ds. Heyns (en Jood en Nico) ervaar wel "iets" by die lees van Steenkamp se versies. Hierdie ervaring kan egter nie gelykgestel word aan 'n interpretasie van die versies, of 'n blote begrip daarvan nie. Die ervaring het nie te doen met 'n hermeneutiese handeling nie.

Die uur van die engel (en hierdie opmerking geld vir die drieluik en waarskynlik Schoeman se romans in die algemeen) moedig die leser aan om nie in die eerste plek gerig te wees op 'n interpretasie, op die betekenis van die roman nie. Die eindelose sinne en lang paragrawe, die inkanterende klank van die prosa dwing as't ware die leser om te wag, om tot stilstand te kom, en om iets te ervaar (om "inwaarts te reis" – in die roman se woorde). Daarom is die lees van die roman nie net gerig op die interpretasie daarvan nie (hetsy om aan te toon – in die dekonstruksiespoor – dat taal onvoldoende is om die verlede te representeer; of om aan te toon – in die kultuurstudiespoor – hoedat die roman 'n geskiedenis van sosiale uitsluiting in die plattelandse Afrikanergemeenskap aantoon).

Die roman (en letterkunde in die algemeen) is sélf die gebeurtenis, eerder as wat dit 'n interpretasie van die wêreld is, of 'n interpretasie verg. Ten einde hierdie stelling verder te ondersoek, word opnuut kortliks na Derrida se artikel oor die "onmoontlike moontlikheid van die gebeurtenis", waarna breedvoerig hierbo verwys is, teruggekeer. Derrida voer wel aan dat die beskrywing van die gebeurtenis altyd agterna volg en dat dit daarom 'n interpretasie is, dat dit in 'n bekende patroon gegiet word en daarom nie meer gebeurtenis kan wees nie. Hy redeneer egter óók, na aanleiding van die taalhandelingsteorie, dat die sê van die gebeurtenis sélf ook 'n gebeurtenis word. Met ander woorde, as ek sou sê: "Ek bely my fout", erken ek nie alleen dat ek in die verlede 'n fout gemaak het nie

en beskryf ek nie alleen die fout wat ek gemaak het nie. Die stelling is meer as bloot 'n beskrywing, agterna, van 'n vorige gebeurtenis (die fout wat ek gemaak het).Die uitspreek van die sin is sélf ook 'n gebeurtenis, naamlik die gebeurtenis waardeur my verhouding tot die persoon teen wie ek oortree het, verander. Die belydenis, die segging, is in hierdie geval nie blote kennisoordrag nie.[6]

Daniël Steenkamp se verse, maar ook hierdie roman, en trouens letterkunde as sodanig, kan óók gelees word as so 'n taalhandeling wat sélf 'n ervaring tot gevolg het, eerder as wat dit bloot interpreteer moet word. Hierdie argument word breedvoerig deur Gumbrecht gevoer. Hy loods in sy boek, *The Production of Presence: What Meaning Cannot Convey* (2004), 'n aanval op wat hy "die betekeniskultuur" ("culture of meaning") noem. Die "betekeniskultuur" is vir Gumbrecht die oorheersende (eintlik die enigste) manier waarop die mens se verhouding tot die wêreld, toenemend sedert die Verligting, bepaal word. Binne die betekeniskultuur staan die toekenning van betekenis aan die wêreld sentraal (of in die ouer paradigmas, die onttrekking van betekenis uit die wêreld). Die ganse wêreld word beskou as 'n objek wat geïnterpreteer moet word, deur 'n subjek wat los daarvan staan.

Veral in letterkundestudie (maar in die menswetenskappe in die algemeen) word taal byna uitsluitlik beskou as iets wat interpretasie behoef. Vir Gumbrecht is die hermeneutiese omgaan met tekste die mees basiese – en waarskynlik ook 'n onvermydelike – intellektuele praktyk in die moderne era (Gumbrecht, 2006: 52). Gumbrecht noem hierdie hermeneutiese omgaan met tekste 'n "metafisika", omdat die aandag nie gevestig is op die "teenwoordige" (fisiese objekte) nie, maar op 'n betekenis agter of voor die teenwoordige taaltekens (of objekte). In die "betekeniskultuur" word referensie na objekte opgehef ten gunste van referensie na betekenis: "[...] to believe in the possibility of referring to the world other than by meaning has become synonymous with the utmost degree of naïveté […]" (Gumbrecht, 2006: 53).

Gumbrecht gebruik die woord "teenwoordigheid" ("presence") vir "iets" wat deur taal teenwoordig gestel word, maar wat nie bloot die betekenis daarvan is nie. Taal is vir hom méér as slegs betekenis. Daardie "meer" noem hy "teenwoordigheid". Daarom heet sy boek die "produksie van teenwoordigheid".

'n Klem op betekenis veroorsaak dat die substansie uiteindelik heeltemal ontken word. Gumbrecht pleit vir 'n "estetika van verskyning". 'n Estetika van verskyning poog om die "dingheid" van die wêreld terug te bring:

> Obviously, an aesthetics of appearance tries to bring back to our consciousness and to our bodies the thingness of the world […] Seel repeatedly associates appearance with presence – and whatever "appears" is "present" because it makes itself available to the human senses (Gumbrecht, 2004: 63).

Gumbrecht beskryf dus sy eie werk as 'n "kritiek van die metafisika". Hy dring daarop aan dat "dinge" nie slegs vir hulle betekenis bestaan nie. Ons gee nie slegs betekenis aan objekte nie, ons staan ook in 'n ruimtelike verhouding daartoe. Dinge is afwesig of aanwesig – voor ons, tasbaar. Dit is hierdie "tasbaarheid", die aanwesigheid van iets voor ons, wat hy uiteindelik "teenwoordigheid" noem.

Teenoor die "betekeniskultuur" onderskei Gumbrecht daarom 'n "teenwoordigheidskultuur". Die betekeniskultuur kom grootliks ooreen met die moderne era en in hierdie kultuur oorheers die neiging om die teenwoordigheidsdimensie van taal en die implikasies daarvan tussen hakies te plaas (Gumbrecht, 2006: 319). In die betekeniskultuur is die dominante manier van menslike selfreferensie een van subjektiwiteit: 'n (liggaamlose) subjek neem die objekte waar en ken betekenis toe (van buite die wêreld waarin hierdie objekte bestaan). In 'n teenwoordigheidskultuur beleef mense hulself as deel van die objektiewe wêreld, nie as ontologies los daarvan nie. Die betekeniskultuur is daarop gerig om die wêreld te probeer verander: waarnemings en voorspellings word gemaak en begeertes word op die toekoms geprojekteer. Hierteenoor is mense in 'n teenwoordigheidskultuur se gedrag gerig op die reëls van 'n gegewe kosmologie. In 'n betekeniskultuur vervul taal álle rolle. In 'n teenwoordigheidskultuur het taal nie 'n alomvattende funksie nie. Vir Gumbrecht is die uitdaging aan die literatuurkritiek om taal nie uitsluitlik as taal van betekenis te beskou nie, maar ook as "taal van teenwoordigheid".

Gumbrecht identifiseer 'n aantal maniere waarop teenwoordigheid in taal kan bestaan, waarop taal en teenwoordigheid saamval (en taal dus nie slegs vir die betekenis daarvan ondersoek word nie). In die eerste plek is taal immers 'n fisiese realiteit – die klank van woorde tref 'n mens se gehoorsintuig en het 'n fisiese effek op 'n mens. Een van die voor die hand liggende voorbeelde is die ritme van taal wat, soos musiek, 'n effek op die hoorder het – voordat of selfs sonder dat enige begrip nodig is. (Dink byvoorbeeld aan Antjie Krog wat in 'n *Ander tongval* vertel hoedat digters wat mekaar se tale hoegenaamd nie kan verstaan nie, tydens voorlesings deur die klank meegevoer raak.) In aansluiting by Luhman redeneer Gumbrecht ook dat taal kan lei tot 'n "estetiese ervaring". Anders as wat meestal oor poësie geredeneer word, voer hy aan dat die klank, die ritme, die rym of die strofes nie ondergeskik gestel behoort te word aan betekenis nie. Dikwels word aangevoer dat die klank of die ritme 'n sekere betekenis ondersteun of versterk. Vir Gumbrecht kan die klank alleen, sonder die betekenis van die taal, geniet word. Dit is moontlik om talle plekke in *Die uur van die engel* aan te dui waar die ritme en die klank van die sinne aanleiding tot so 'n estetiese ervaring kan gee – onafhanklik van die betekenis van die teks.

Volgens Gumbrecht (2006: 321-322) is 'n belangrike konvergensiepunt van taal en teenwoordigheid ook te vind in taal oor die mistiek of die taal van mistici. Mistici

wys voortdurend op die onvermoë van taal om die ervaring van intense goddelike teenwoordigheid vas te vang, maar op paradoksale wyse word 'n mistieke ervaring juis deur inkanterende taalgebruik by die leser gewek – die teenwoordigheid word tasbaar gemaak in die taal. Bloot die hardop lees van die lang aanhalings uit Schoeman se roman in hierdie artikel, gee reeds iets weer van die mistieke ervaring van die reis wat inwaarts keer. Natuurlik is hierdie 'n subjektiewe opmerking en ek sal poog om 'n meer objektiewe analise hieronder te maak.

Vir Gumbrecht kan een van die verskille tussen die teenwoordigheidskultuur (van 'n pre-moderne samelewing) en die betekeniskultuur deur die sakrament van die nagmaal geïllustreer word. Ná die Hervorming en die aanbreek van die Verligting, binne die betekeniskultuur, het die brood en wyn blote tekens geword wat ten doel het om die gebruiker aan 'n onbereikbare gebeurtenis in die verlede te herinner. 'n Pre-moderne beskouing, van voor die Hervorming, het die wyn en brood nie as betekenisdraende tekens, wat interpretasie behoef, beskou nie, maar die brood en wyn ervaar as die gebeurtenis uit die verlede waarin die gebruiker nou deel. Deur die sakrament is die gebeurtenis uit die verlede teenwoordig gestel. Taal kan, volgens Gumbrecht (2006: 323), die verlede op soortgelyke wyse tasbaar teenwoordig stel.

In 'n moderne samelewing word die fisiese teenwoordigheid van taal sistematies misgekyk of tussen hakies geplaas. Nietemin kan taal die ervaring van 'n epifanie produseer, deur onder meer die verlede teenwoordig te stel. Om hierdie soort ervaring uit literatuur te put, is dit volgens Gumbrecht nodig om stroomop, teen die daaglikse (vir ons) "normale" funksionering van taal as betekenis in te gaan.

Die uur van die engel lei die leser om teen die hermeneutiese kode in te lees. Ek wys op enkele aspekte van die roman wat aanleiding gee tot die produksie van teenwoordigheid.

Verskeie stemme kom in *Die uur van die engel* aan die woord. Hierdie stemme staan tussen twee korterige gedeeltes waarin 'n ekstra-diëgetiese verteller aan die woord kom, naamlik "Aankoms" (5-6) en "Terugkeer" (381-386).

Dit word duidelik in "Aankoms" gestel dat die landskap 'n geheim inhou. Iets het gebeur, maar dit kan nie geken word nie. Dit is 'n geheim. Die stemme wat aan die woord gestel word in die volgende 374 bladsye, probeer sonder sukses om hierdie geheim te verduidelik. Uiteindelik, in "Terugkeer", word dit duidelik dat die verteller al die stemme tussenin geskep het, verbeel het, dat hy hulle tydens 'n "inwaartse reis" ervaar het.[7]

In die kort proloog, getiteld "Aankoms", val die klem op die leegheid van die landskap: "Lig, ruimte, gloed. Stof. 'n Lae land, 'n wye land van klip en bossies en doodgerypte gras, van leë skeure […]" (5). Hierdie landskap is onherbergsaam, leeg en onbewoond. Tekens dat mense eens daar was – bouvalle en spore – kom steeds voor , maar nou is daar net duiwe, bokke en druppende water. ("Ontruimde

opstalle", "[l]eë krale", en 'n "leë pad".) In die res van die roman word hierdie klem op die leegheid van die landskap telkens herhaal: "Kaalgestroopte takke van kwepers, vyebome of granate [...] leë beddings van die winter [...] verlate boorde [...]" (69). Kannemeyer (2005: 429) voer tereg aan dat die leegheid "'n metafoor [is] vir die mens se ontheemdheid as sodanig en vir sy onvermoë om iets te bestendig wat vir latere geslagte nog sinvol sal wees".

Een voorbeeld van hoe die taalgebruik ingespan word om 'n atmosfeer te skep, word hier gegee: Nico sit, kort na sy aankoms op die dorp, in die motor en voor hy uitklim, kyk hy na die landskap: "Hy het vergeet hoe groot die ruimte en leegheid is, hoe groot die verlatenheid en eensaamheid en die swye; hy het vergeet hoe meedoënloos die winter hier is en hoe volslae die aftakeling wat dit meebring" (69).

Dit is opvallend hoeveel keer die woord "en" in hierdie sin voorkom. Elke keer word nog 'n beskrywende woord toegevoeg. Aan die begin word gestel dat hy vergeet het hoe die ruimte van sy jeug is. Dit word eers beskryf as 'n groot ruimte, dan word "leegheid" bygevoeg, dan "verlatenheid", "eensaamheid" en "swye". Uiteindelik word toegevoeg dat die winter in hierdie groot leë, verlate en stil ruimte "meedoënloos" is en dat dit "aftakeling meebring".

Hierdie opeenhoping van beskrywende woorde volg elke keer op byna dieselfde inleidings: "Hy het vergeet hoe groot", "hoe groot" en weer "hy het vergeet hoe". Die effek van hierdie retoriese strategie van uitbreiding is dat alles wat hy vergeet het, beklemtoon word. Die ritme dien nie slegs as beklemtoning van die semantiese betekenis nie – dit het ook 'n effek op die leser.

Wat ook opval van hierdie sin uit *Die uur van die engel*, is dat die opeengestapelde kwalifiserings van die ruimte nie, soos mens normaalweg sou verwag, uit adjektiewe (soos "verlate", "eensame" of "stil") bestaan nie. Hier word selfstandige naamwoorde, voorafgegaan deur die bepaalde lidwoord, gebruik om die ruimte verder te beskryf: "die verlatenheid en eensaamheid en die swye". Sodoende word elke kwalifisering van hoe die ruimte is, meer as bloot 'n beskrywing van die aard van die ruimte: dit word trouens sélf die ruimte. Die ruimte is dus nie bloot verlate of stil of eensaam nie, die omgewing ís die eensaamheid self, ís die verlatenheid, ís stilte. Op hierdie manier word al hierdie emosiebelaaide woorde beklemtoon en die effek daarvan is om 'n veel sterker emosie by die leser te ontlok. Maar die herhalings, die herhalende lidwoord en die langer woorde, verleen ook 'n bepaalde ritme aan die sin.

Verder is die keuse van 'n woord soos "swye" ook opvallend. Dit is 'n woord wat gereeld deur Schoeman ingespan word. Die landskap is nie bloot stil nie, is nie bloot in 'n soort neutrale toestand waarin geraas afwesig is nie. Die woord "swye" het 'n veel aktiewer konnotasie – asof iets doelbewus verswyg word.

Wanneer Nico na Strydfontein ry, is die landskap verlate – hy kom niemand

teë nie: “geen verdere teken van menslike aanwesigheid meer nie” (76). Al die woorde wat hier gebruik word, dui op dood, leegheid en verlies: “Doodgerypte gras”; “Leë skeure”; “Plaasgeboue onbewoon”; “Geen skape meer”; “Geen padwysers meer”; “Leegheid”; “Naambordjies verwyder”; “Plaashekke gesluit”; “Slotte verroes”; “Huis verlate”; “Gebreek, gekraak, gebars”; “Spore van die lewe wat eens hier bestaan het”; “Die lewe van vroeër het gewyk”; “Geen padtekens meer nie”; “Bouval van ’n huis”; “Toegegroeide graf”.

Midde-in hierdie landskap, gekenmerk deur hierdie omstandighede van verlatenheid en verlies, is tog ’n “**geheim**”:

> In daardie wydte, tussen die heuwels, in die klowe, deur roerlose stilte op die warmste van die middag sou die eensame soeker dalk die geheim kan vind […] soekend op die warmste van die dag, al agter die ontwykende geheim waarop die landskap dui (5).

Die geheim van wat daar in die landskap gebeur het, die ontwykende en onkenbare gebeurtenis in die verlede, word in “Terugkeer” opnuut bedink. In “Terugkeer” is daar ’n oomblik waarop stilgestaan word:

> [...] die vertroude wêreld van snelweë, vragwaens en verkeer, vulstasies, padkafees, transistorradio’s en koerantopskrifte, padtekens wat die nadering van die einddoel reëlmatig aankondig en paaie wat in steeds meer komplekse patrone verstrengel daarheen lei – dit alles lê voor om die reisiger weer op te vang en mee te voer; maar nog nie. Voorlopig is daar nog net die leë pad en wye gestroopte winterlandskap van lig en klip en stof. ’n Kortstondige grasie is toegestaan, ’n oomblik van besinning en betragting is nog gegun (384).

Tussen die verlede en die toekoms is daar nog ’n oomblik se vergunning, ’n besinning. Gekonfronteer met die hede (en toekoms) van die geblêr van musiek en die “ruitglas en felgekleurde plastiek wat vreemd geword het” (384), met hierdie hede waarin ons leef, is daar vir ’n mens die “afsydige en afwysende landskap” (384) van die verlede. Die hele verlede is ver en die mens se handelinge daarin raak klein en nietig:

> [...] die ruimte waarop paaie en dorpe slegs tydelik geëts kan word soos graverings in die bolaag van die rots wat oor die eeue onvermydelik sal verweer, afskilfer en verdwyn, die leegheid waarin die afdruk van die voet nie behoue bly nie en die klank van die stemme wegwaai, skaars nog hoorbaar op die wind? (384-385).

Hierdie reis verg stilte omdat dit ’n reis na binne is. Hierop volg die beloning op die stilte, op die reis na binne. Dit laat die hele landskap verander – as die vraag nie gestel word nie, as daar nie gesoek word nie:

> Die leë landskap, dood en afgestroop in die winter, is plotseling verheerlik en die leegheid het gebot en geblom. Begrip is nie moontlik nie: wie met die visioen gekonfronteer word, kan slegs swygend en verwonderd waarneem, registreer en aanvaar, roerloos op die plek waar hy staan. Die reis gaan inwaarts (386).

In hierdie derde laaste paragraaf van die roman word beklemtoon dat begrip nie moontlik is nie. Die suggestie is – in die taal van Gumbrecht – dat hier nie slegs op die betekenis van die taal af gelees moet word nie. Wat nodig is, is dat die leser stil word. In hierdie deel word oorgeslaan na die tweedepersoonsverteller en die leser word direk aangespreek:

> Moenie vra, moenie verwag, moenie hoop nie, moenie roer van die plek waar jy staan nie, en die antwoord sal gegee word sonder dat dit ooit nodig geword het om die versweë vraag te formuleer. Moenie probeer verstaan nie, want begrip is nie moontlik nie en aanvaarding die enigste doenlike reaksie […] (385-386).

Wanneer die leser sigself so oopstel en ophou om te probeer begryp (om die hermeneutiese kode te breek), gaan die doodsheid en leegheid van "Aankoms" skielik in die tweede laaste paragraaf oor in 'n kontrasterende landskap wat lewe: "Die dooie land lewe, lig en skaduwee trek oor die veld, lewe ruis in die klowe en skeure waar geen teken van lewe vermoed is nie en die klippe brand met 'n onsigbare vlam" (386).

Wat dus tussen die aankoms en die terugkeer gebeur het, is dat die dooie land, die leë land, dat alles wat vergeet is, lewe gekry het. Hoe kry die land lewe? Die dooie land kry nie lewe danksy begrip van die leser vir wat werklik met Daniël Steenkamp gebeur het nie. Die verteller het stil geword en die stemme (van binne) gehoor en opgeteken. Maar soos die versies van Steenkamp nie die engel se verskyning teenwoordig kan stel nie, kan ook sý oproep van historiese feite dit nie doen nie. Hoogstens kan die verteller sy stemme as getuienis aanbied – in die taal en vorm tot sy beskikking. Al kan ook hierdie stemme nie lei tot begrip nie, kan die ervaring daarvan, die klank daarvan, die herhalings, die leser na 'n ervaring van teenwoordigheid lei.

Uiteindelik is dit ook 'n manier waarop letterkundestudie aan 'n uitsluitlike fokus op betekenis en begrip kan ontsnap.

6. Samevatting

Die dekonstruktiwistiese idee dat die gebeurtenis altyd buite bereik van taal lê, word telkens ook in *Die uur van die engel* aangetref. Die oorspronklike buite-talige gebeurtenis kan altyd slegs by nabaat beskryf word, daar kan slegs daaroor getuig

word in taal wat tekortskiet. Hiervan getuig byvoorbeeld die onmoontlikheid om enige tekens van die engel se verskyning te vind, sowel as ds. Heyns se onvermoë om woorde te vind vir sy ervarings of vir die boodskap wat hy moet bring. Só gesien, bevestig *Die uur van die engel* nie alleen ons onvermoë om die verlede te ken nie, maar om eintlik enige gebeurtenis na behore weer te gee. Nietemin word dit telkens in die roman herhaal dat ons onvermoë om 'n gebeurtenis in taal weer te gee, nie impliseer dat niks gebeur het nie.

In aansluiting by Badiou is hierbo geredeneer dat daar wel van 'n gebeurtenis getuig kan word – soos wat Danie Versies ook inderdaad van sy ervaring van die engel getuig het. Die getuienis kan egter nie regtig 'n representasie van die gebeurtenis wees nie. Enige representasie is immers by voorbaat gedoem om 'n interpretasie te wees, om die aard van die gebeurtenis as onverwagte, verrassende en onvoorspelbare ingryping te ontken. Nico besef dat die getuienis wat bewaar gebly het nie 'n voldoende representasie kan wees, wat reg aan die gebeurtenis laat geskied nie. Nietemin ervaar hy self 'n "inwaartse reis". Die getuienis het 'n impak op hom, lei tot 'n eie ervaring – nie van die onbereikbare verlede nie – maar tot 'n verassende ervaring in homself.

Die getuienis self word opnuut 'n gebeurtenis – nie die gebeurtenis van lank gelede wat 'n lewensveranderende impak op Danie Steenkamp gehad het nie – maar 'n nuwe gebeurtenis, met 'n onvoorspelbare en onvoorstelbare effek op Nico.

Op soortgelyke wyse is die roman nie 'n poging om die gebeurtenisse uit die verlede te representeer nie. Op selfbewuste wyse word die futiliteit van dergelike pogings aangetoon. Die lees van die roman lei tot 'n gebeurtenis, tot 'n ervaring wat die leser meemaak tussen "aankoms" en "vertrek". Die leser ervaar die roman.

Uiteindelik is hierdie 'n aspek van die literatuurkritiek wat nie dikwels aandag ontvang nie. Veel eerder word die klem geplaas op die dekonstruksie van die teks of die blootlegging van magsverhoudings. Schoeman plaas met die aard van sy prosa klem op die ervaring. Hy skryf ook baie geskiedeniswerke waarin inligting oor die verlede opgeneem word, maar dit is met sy fiksie wat hy doelbewus poog om nie net inligting oor die verlede te gee nie, maar om 'n ervaring vir die leser te skep: om iets te laat gebeur wat die leser inwaarts laat reis, eerder as om 'n gebeurtenis agterna te probeer beskryf.

Universiteit van Pretoria

Bronnelys

Badiou, Alain. 2001. *Ethics. An Essay on the Understanding of Evil.* Vert. Peter Hallward. London: Verso.

Badiou, Alain. 2005. *Being and Event.* New York: Continuum.

Brink, André. P. 1987. *Vertelkunde. 'n Inleiding tot die lees van verhalende tekste.* Pretoria: Academica.

Burger, Willie. 2000. Karel Schoeman's voices from the past: Narrating the Anglo-Boer War. *Current Writing* 12(1): 1-16.

Burger, Willie. 2010. Grafstene in Karel Schoeman se *Hierdie lewe*: vertellings wat die afwesige aandui. *Stilet* 22(1): 81-95.

Derrida, Jacques. 2007 [2003]. A Certain Impossible Possibility of Saying the Event. *Critical Inquiry* 33 (Winter): 441-461.

Gumbrecht, Hans Ulrich. 2004. *Production of Presence. What Meaning Cannot Convey.* Stanford: Stanford University Press.

Gumbrecht, Hans Ulrich. 2006. Presence achieved in Language (with Special Attention given to Presence of the Past). *History and Theory* 45 (Oktober): 317-327.

Gumbrecht, Hans Ulrich. 2012. *Atmosphere, Mood, Stimmung. On a Hidden Potential of Literature.* Vert. Erik Butler. Stanford: Stanford University Press.

Hallward, Peter. 2001. Translator's Introduction. In Badiou, Alain. *Ethics. An Essay on the Understanding of Evil.* London: Verso:vii-xlvii.

Hühn, Peter. 2009. Event and Eventfulness. In: Hühn, Peter. John Pier, Wolf Schmid en Jörg Schönert (reds.). *Handbook of Narratology. Volume 19*. Berlyn: De Gruyter: 80-98.

Jooste, G.A. 1998. Die engel op die vlaktelandskap. *Literator* 19(1):19-33.

Kannemeyer, J.C. 2005. *Die Afrikaanse literatuur 1652-2004.* Kaapstad: Human & Rousseau.

McDonald, Rónán. 2007. *The Death of the Critic*. London: Continuum.

Prince, Gerald. 2003. *Dictionary of Narratology*. Lincoln: University of Nebraska Press.

Schoeman, Karel. 1995. *Die uur van die engel.* Kaapstad: Human & Rousseau.

Viljoen, Louise. 2002. "Die ongeagte meisiekind, die ongetroude vrou, die oujongnooitante": die konstruksie van identiteit in Karel Schoeman se roman *Hierdie lewe*. In Burger, Willie en Helize Van Vuuren (reds.). *Sluiswagter by die dam van stemme. Beskouings oor die werk van Karel Schoeman.* Pretoria: Protea: 190-205.

Vintges, Karen. 2003. *De terugkeer van het engagement.* Amsterdam: Boom.

Waters, L. 2005. Literary Aesthetics: the Very Idea. *The Chronicle Review.* Aanlyn beskikbaar: http://chronicle.com/article/Literary-Aesthetics-the-Very/14453. Geraadpleeg, 30 Mei 2012.

Note

1. Kannemeyer (2005: 429) wys daarop dat Daniël Steenkamp in "breë trekke" 'n verwantskap toon met die "Sutherlandse versiemaker", D.C. Esterhuyse (1815-1897).
2. Bladsynommers in hakies, sonder datum of outeur, verwys na: Schoeman, Karel. 1995. *Die uur van die engel.* Kaapstad: Human & Rousseau.
3. Kannnemeyer (2005: 429) lê in sy interpretasie van die roman klem op die mens se "ontheemdheid as sodanig" en die mens se "onvermoë om iets te bestendig wat vir latere geslagte nog sinvol sal wees", terwyl die digter steeds uitgedaag sal word om "dié wonder [van die verskyning van die engel, van die gebeurtenis – W.D.B.] in kommunikeerbare taal vas te vang."
4. Vergelyk byvoorbeeld sy seminale werk, *Being and Event* (2005).
5. Eintlik behoort hierdie bladsye volledig aangehaal te word omdat die stemming wat hier deur Schoeman geskep word eintlik deel van Nico se antwoord op die boer se vraag vorm.
6. Derrida verwys in hierdie verband na Augustinus wat sê dat dit nie nodig is om sonde teenoor God te bely sodat God dit kan weet nie – God is immers alwetend. Die belydenis is egter nodig sodat dit 'n verandering in die sondaar self kan teweegbring en sodat die sondaar se verhouding met God herstel kan word.
7. Die feit dat hierdie nie "werklike" stemme is nie, dat hulle juis uit die verbeelding van die individu voortkom en dat hulle nie outentieke stemme kán wees nie, bevestig dat stemme nie die "gebeurtenis" kan meedeel nie. Dit is ook die rede waarom die stemme nie verskillend klink nie – kritiek wat deur Van Coller en Kannemeyer teen Schoeman se romans uitgespreek is.